# WorksheetCloud.com - Vraestel

**Vak:** Graad 8 AFRIKAANS HT

**Onderwerp:** Afrikaans HT: Eksamen Kwartaal 4

**Punte:** 104

---

**Vraag 1: Waar/Onwaar [2]**

**Assonansie** is die herhaling van 'n vokaalklank in woorde wat naby mekaar staan.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

---

**Vraag 2: Waar/Onwaar [2]**

'n Enkelvoudige sin bestaan uit 'n onderwerp, een gesegde en dikwels 'n voorwerp.


| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

---

*Vraag 3 verwys na die volgende skets*



Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.




*Skets 1: advertensie1*

---

**Vraag 3: Waar/Onwaar [2]**

"Die Burger" is een van die Woordfees se hoofborge.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

---

**Vraag 4: Waar/Onwaar [2]**

'n Betreklike voornaamwoord word saam met 'n selfstandige naamwoord gebruik.

Voorbeelde is: waarop, wat en waarsonder.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

---

**Vraag 5: Waar/Onwaar [2]**

Die HOMONIEM "pers" verwys na 'n werktuig om koerante en boeke te druk.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

---

*Vraag 6 verwys na die volgende teks*

*Teks 1: New Document*

**Dis waarom jy so aan sosiale media verknog is**

1. “Die feit dat baie mense ‘n sterk drang het om deur middel van sosiale media met baie mense te skakel, is nie werklik so verstommend nie,” het die bekroonde Amerikaanse sielkundige prof. Bruce Hood gesê.

2. Hy het pas sy jongste boek, The Domesticated Brain, bekendgestel en is deur MailOnline aangehaal: “Die aap is uit die mou. Ons het soveel ontwikkel dat ons nou sosiale diere is.”

3. Volgens Bruce is dit interessant dat mense aanneem dat die groter blootstelling aan verskilllende standpunte op sosiale media, ons meer oopkop maak.

4. “In werklikheid sien ons die teenoorgestelde. Dit lyk asof mense meer dikwels geneig is om meer eng-denkend as in die werklike lewe op te tree,” het hy gesê.

5. Hy verduidelik voorts dat sedert die mens miljoene jare gelede ontstaan het, die brein aanhou groei en ontwikkel het. Die toenemende volume het mettertyd dele van die menslike brein verskillend beïnvloed - die temporale lobbe, wat die leer van taal beheer, het buite verhouding toegeneem, net so die pre-frontale korteks, wat verband hou met ingewikkelde besluitneming en sosiale gedrag.

6. Ongeveer 20 000 jaar gelede het die groeiproses tot ‘n einde gekom en die brein het begin krimp. Bruce glo die verandering het plaasgevind omdat ons meer “makgemaak” is.


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

7. Die sielkundige beweer in sy boek die verkleining van die brein het gebeur in die tyd toe mense opgehou het om jagter-versamelaars te wees en begin boer het. Toe mense in gemeenskappe begin bly en saam begin werk - eerder as om hul bure te probeer uitoorlê ten einde kos in die hande te kry - het sosiale interaksie belangriker geword.

8. Ook word beweer die manier waarop ons breine oor duisende jare ontwikkel het, het die mens in skinderbekke verander wat die versoeking nie kan weerstaan om met ander mense in aanraking te kom nie, veral aangesien die mens nie meer nodig het om "jagter-versamelaars" te wees wat moet baklei om te oorleef nie.

9. Dit was ook die tyd toe die mens begin het om kennis aan volgende geslagte oor te dra.
Met die ontwikkeling oor die jare het die mens se behoefte om verbindings met ander te vorm, 'n vereiste geraak.

10. Deesdae bevredig sosiale media soos Facebook en Twitter die behoefte om met ander mense te skakel.

---

**Vraag 6: Veelvuldige Keuse [4]**

Kies die korrekte verduideliking vir die volgende idioom:

Die aap is uit die mou. (paragraaf 2)

**A** Die geheim is verklap.

**B** Iemand tref iets dapper aan.

**C** Iemand skrik geweldig groot.

**D** Iemand is baie gewild.

---

**Vraag 7: Veelvuldige Keuse [4]**

Watter een van die volgende is 'n goeie voorbeeld van alliterasie?

**A** Jy saai wat jy maai.

**B** Die woeste wind saai verwoesting.

**C** Die eend kwaak.

**D** Hy is so stil soos 'n muis.

---

**Vraag 8: Veelvuldige Keuse [4]**

Wat is die funksie van die **gesegde** in 'n sin?

**A** Die gesegde is die werkwoord in die sin en vul die voorwerp aan.

**B** Die gesegde is die werkwoord in die sin en vul die onderwerp aan.


**C** Die gesegde is die werkwoord in die sin en vul die infinitief aan.

**D** Die gesegde is die werkwoord in die sin en vul die byvoeglike naamwoord aan.

---

*Vrae 9 tot 10 verwys na die volgende skets*


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.




*Skets 2: spotprent1  copy*

---

**Vraag 9: Veelvuldige Keuse  [4]**
Hoe weet die leser dat daar in die tweede raampie 'n groot ontploffing uitgebeeld word?

| | |
|---|---|
| **A** | Die woord "woem" word in hoofletters geskryf. |
| **B** | Die grys wolke wys dat daar 'n ontploffing was. |
| **C** | Daar is 'n uitroepteken na die woord "woem". |
| **D** | Al drie die bogenoemde feite. |

---

**Vraag 10: Voltooi Die Ontbrekende  [4]**
'n (1) word in 'n spotprent gebruik om aan te toon dat 'n karakter besig is om te dink, terwyl 'n (2) die woorde wat 'n karakter sê, uitbeeld.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |

- spraakborrel
- gedagteborrel
- praatborrel
- dinkborrel

---

**Vraag 11: Veelvuldige Keuse  [4]**
Watter een van die volgende sinne bevat nie 'n bywoord nie?

| | |
|---|---|
| **A** | Die kind hardloop vinnig. |
| **B** | Die appels is gister gekoop. |
| **C** | Ek gaan stap met my hond. |
| **D** | Die seun ry daar met sy fiets. |


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**Vraag 12: Veelvuldige Keuse [4]**

Wat is die funksie van 'n tussenwerpsel?

**A** Dit dien as 'n uitroep van emosies.

**B** Dit dien as 'n uitroep van pyn alleenlik.

**C** Dit dien as 'n uitroep van geluk alleenlik.

**D** Dit dien geen doel nie.

*Vraag 13 verwys na die volgende skets*



*Skets 3: rugby*

**Vraag 13: Skryf Jou Antwoord [3]**

Skryf 'n goeie antoniem vir "per abuis" uit die volgende paragraaf neer:

Die vleuel het doelbewus die bal by die kantlyn uitgeskop. Aangesien die wedstryd reeds verby was, is hy nie daarvoor gepenaliseer nie.

**Vraag 14: Skryf Jou Antwoord [3]**

Skryf 'n goeie sinoniem vir "blaps" uit die volgende paragraaf neer:

Die seun het al sy Wiskundehuiswerk gedoen, maar besef toe dat hy 'n flater begaan het. Hy het algebra in plaas van meetkunde gedoen.

**Vraag 15: Skryf Jou Antwoord [3]**

Skryf die afkorting van die volgende woord neer: dominee.

**Vraag 16: Skryf Jou Antwoord [3]**

Watter ander woord word dikwels in plaas van "Ek-eerstepersoonsverteller" gebruik?




Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**Vraag 17: Skryf Jou Antwoord [3]**
Wat word die karakters in 'n drama se woorde genoem? (Die woorde wat hulle sê.)

**Vraag 18: Skryf Jou Antwoord [3]**
Watter soort sin het geen gesegde nie en is afhanklik van die hoofsin?

*Vraag 19 verwys na die volgende skets*



*Skets 4: sunrise-sunset*


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**Vraag 19: Skryf Jou Antwoord [3]**
Verander die volgende sin in 'n stelsin.

Kom die son elke oggend in die Ooste op?

**Vraag 20: Skryf Jou Antwoord [3]**
Gee een woord vir die volgende:

Die gebruik van bespotting, sarkasme, en ironie om krities kommentaar te lewer op die gemeenskap, 'n individu of 'n situasie.

**Vraag 21: Skryf Jou Antwoord [3]**
Identifiseer die besitlike voornaamwoord in die volgende sin:

Hy speel met sy maats.

**Vraag 22: Skryf Jou Antwoord [3]**
Identifiseer die onderstreepte woordsoort in die volgende sin:

Jan sit op die stoep.

**Vraag 23: Skryf Jou Antwoord [3]**
Gebruik 'n agtervoegsel om 'n **paroniem** te vorm van "mens".

**Vraag 24: Skryf Jou Antwoord [3]**
Identifiseer die hulpwerkwoord in die volgende sin:

Die seun sal sy huiswerk getrou doen.

**Vraag 25: Voltooi Die Ontbrekende [4]**
'n Goeie (1) vir die woord "agterdog" is "wantroue" ,
terwyl 'n goeie (2) vir die woord "afname" , "toename" is.

| 1 | | 2 | |
|---|---|---|---|

- paroniem
- homofoon
- sinoniem
- antoniem
- homoniem
- doeblet


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**Vraag 26: Voltooi Die Ontbrekende [4]**
Die (1) verwys na die fisieke agtergrond of (2) waarin die verhaal afspeel.

| 1 | | 2 | |
|---|---|---|---|

- milieu
- verlede
- tydperk
- tema

**Vraag 27: Voltooi Die Ontbrekende [4]**
(1) word al eeue lank oorvertel.

Dis daarom moeilik om te sê wie die (2) van 'n volksverhaal is.

| 1 | | 2 | |
|---|---|---|---|

- Kortverhale
- Volksverhale
- verteller
- skrywer

**Vraag 28: Voltooi Die Ontbrekende [6]**
'n Strofe bestaande uit 2 versreëls word 'n (1) genoem.
'n Strofe bestaande uit 4 versreëls word 'n (2) genoem.
'n Strofe bestaande uit 6 versreëls word 'n (3) genoem.

| 1 | | 2 | |
|---|---|---|---|
| 3 | | | |

- koeplet
- tersine
- kwatryn
- sestet
- oktaaf
- haiku

**Vraag 29: Voltooi Die Ontbrekende [4]**
'n Veelvoudige sin bestaan uit (1) hoofsinne en word met "en" of (2) verbind.

| 1 | | 2 | |
|---|---|---|---|

- drie
- twee
- vier
- en
- maar
- want
- daarom


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**Vraag 30: Voltooi Die Ontbrekende [8]**

Kies die regte HOMOFOON in die volgende sinne:

- Ek het Springbok- (klere/kleure) gekry in rugby. (1)
- My ma het vir my nuwwe (klere/kleure) gekoop vir die partytjie. (2)

- Die dokter (ent/end) die baba teen polio. (3)
- Ons het teen die (ent/end) van die vakansie besluit om langer te bly (4) .

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |
| **3** | | **4** | |

- kleure
- klere
- ent
- end

30 Vrae, 9 Bladsye



Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.